## DIE GRAFTE VAN PIET EN DIRKIE UYS ONTDEK*

Dit is duidelik dat die Boere wat twaalf dae later aan Owen en die ander Engelse van Port Natal van die geveg naby Dingaanstat vertel het, nie saam met Uys was, toe hy en Dirkie daar gesneuwel het nie. Die indruk wat hulle gelaat het, was dat hulle saam met die ander sewe man was wat daar in die poort by die rotsmuur geval het.

Volgens 'n verklaring deur wyle Tant Annie Martens van Greytown aan skrywer hiervan, het haar grootvader, Philip Nel, die eerste landdros van Pietermaritzburg, wat saam met Uys was, aan haar vertel hoedat Dirkie reeds uit die gevaar was, toe hy omgedraai het om saam met sy vader te sterwe. Volgens haar jonger broer Hansie, was hy (Dirkie) reeds die berg uit. Coetser verklaar weer dat die kommando van Uys nog tot onder die berg geveg het, onderwyl Dirkie gesneuwel het. Hatting daarenteen, verklaar dat Uys, as gevolg van 'n dodelike wond, stadig agter die ander aangekom het, maar agtergelaat moes word. Dirkie het geweier om sy vader te verlaat en is gevolglik saam met hom gedood. Op die skets van die slagveld wat hy vir Odé, die geskiedskrywer, geteken het, dui Hatting die plek met 'n kolletjie aan waarby die naam Piet Uys geskryf is. Hy was nie self teenwoordig nie, maar moes die gegewens gekry het terwyl die Wenkommando op Vaalkop gelaer was, vanwaar hy die slagveld kon sien. Hy het destyds 'n dagboek gehou. Op hierdie skets word ook die kop waaroor die Boere getrek het, die kloof waarin die derde Zoeloekommando hulle versteek het, die halfsirkelvormige rante met die dubbele spruit in die poort, die plek by die spruit waar hulle hul handperde agtergelaat het en die kliprant waaronder Uys geval het, aangedui. Sonder hierdie aanduiding sou ons die grafte van Piet en Dirkie Uys, sowat 1,000 tree bokant die poort, nie gevind het nie. Hatting is dieselfde man wat destyds die graf van Piet Retief en sy mense aangewys het.

Soos algemeen bekend, is daar twee teenstrydige verklarings i.v.m. die beendere van Piet Uys. Die oudste seun van Piet Uys wat as sewentienjarige seun, saam met die Wenkommando gegaan het, verklaar in *The Friend of the Free State* (1879): „My father, Petrus Lavras Uys, who was 40 years, 6 months and 4 days old, and my brother, Dirk Cornelius Uys, aged 15 years, met their deaths on the 11th April, 1838, by assegais in an action with the Zulus. Their corpses remained nine months above ground, but I gathered the dry bones of my father and laid them in the grave of my grandfather, J. J. Uys, on the Dorps River above Pietermaritzburg . . . We have until this day found nothing of my brother, Dirk . . . I fought and assisted to subdue Dingaan. I was the second man to enter

---

* Hierdie artikel moet eintlik gesien word as 'n vervolg op twee ander artikels van die skrywer wat vroeër in *Historia* verskyn het, nl. *Waar het Piet Uys en sy seun Dirkie geval?* (Vierde jaargang, Nr. 2, p. 75) en *Die Hattingh-skets van die slagveld van Piet Uys* (Vyfde jaargang, Nr. 2, p. 107). Om die verband goed te begryp word die leser na genoemde twee artikels verwys. — Red.

his kraal; the first one being my father's brother, the well-known warrior, J. J. Uys."


Weens 'n aanval van sinkingskoors was hy nie in staat om die perdekommando onder sy vader te vergesel nie. As gevolg hiervan was hy sy lewe lank mank en het die bynaam van Kreupel Koos gekry. Dirkie het toe sy plek ingeneem. Dat dit 'n mate van minderwaardigheidsgevoel en selfs jaloesie veroorsaak het, is slegs natuurlik. Dat hy daarop groots was dat hy met die waens van die Wenkommando kon saamgaan, blyk duidelik uit bogenoemde spoggerige verklaring.

Hierteenoor verklaar I. J. Breytenbach, wat self deelgeneem het aan die geveg waarin Uys gesneuwel het en ook saam met die Wenkommando was, die volgende: „Vervolgens zyn wy getrokken naar Vaalkop, en daar hebben wy ons laer getrokken, en in orde gebracht. Vanhier zyn enige onzer mensen uitgegaan om de treurige overblyfselen der lichamen van Piet Uys, Jan en Koos Malan en de Nels op te zoeken en dié te begraven. Toen de mannen van de treurige opdracht terugkwamen, zyn wy opgetrokken



*Graf van Dirkie regs onder (hoed op klip by koppenent) en dié van Piet Uys net egter (sakdoek by koppenent)*

naar Dingaanstad." Hierdie „treurige opdracht" en „treurige overblyfselen" het so 'n onuitwisbare indruk by hom gelaat dat hy die enigste Voortrekker is wat dit onthou en in sy verklaring vermeld het. Hierdie gramadoelas kon 'n mens slegs te perd en te voet bereik, sodat Kreupel Koos die geselskap nie kon vergesel nie. Volgens Hatting was die eerste plek waar die Boere laer getrek het, 'n halfuur van Dingaanstat af. Feitlik bo op die groot plat kop is 'n fontein waar die Boere, volgens Zoeloe-oorlewering, gekampeer het. Die slagveld lê ook sowat drie myl links hiervandaan. Die begrawing van die beendere was onder druk en moes haastig geskied, aangesien dit nie bekend was waar die vyand hom versteek het nie. Die beendere is blykbaar net met 'n lagie grond bedek en verder met klippe toegepak. Die gesamentlike graf van die beendere van Piet Retief en sy mense is die volgende dag ook so bedek (W. G. Nel). Al die grafte wat ons sover daar gevind het, lê oos-wes en is met klippe toegepak. Dit is klaarblyklik nie Zoeloegrafte nie want die Zoeloes het hul dooies in 'n sittende houding begrawe met 'n plat klip bokant hul kop en met 'n ronde hopie klippe daaroor.



*Hatting se skets van die slagveld.*

Met Hatting se skets as leidraad, het ons 'n soektog onder die kliprant onderneem, heeltemal onseker wat om te verwag: as daar geen grafte aangetref sou word nie, sou dit Kreupel Koos se verklaring staaf, maar word hulle wel daar gevind, sou dit Breytenbach se verklaring bevestig. Verder was dit onseker of die grafte by mekaar sou lê, aangesien, volgens Uys-oorlewering, Dirkie nie by sy vader geval het nie, hoewel die gangbare opvatting is dat Dirkie wel by sy vader gesterf het. Dit word beweer dat Dirkie by 'n sloot gedood is, daarom het ons hierdie keer die twee klofies onderkant die kliprant ondersoek. Die verste een van die poort het niks opgelewer nie en toe ons die ander een, naaste aan die poort, van onder af begin waarneem en die bo-ent bereik waar dit doodloop teen 'n rots en daar vlak en begaanbaar is, sien ons op die rotslys onderkant die rots 'n met klip bedekte graf, met 'n groot klip by die koppenent. By nadere ondersoek blyk dit toe dat daar nog 'n graf teenaan die koppenent was. Hierdie graf was 'n bietjie langer en die klippe daarvan al heelwat afgetrap sodat sommige daarvan onder die rotslys lê. Na agt jaar van

navorsing in argiewe, die bestudering van lugkaarte van die hele gebied vanaf die westekant van Italaberg tot anderkant Dingaanstat en talle soektogte in daardie geweste, het ons eindelik daarin geslaag om die plek vas te stel waar Dirkie sy jong lewe opgeoffer het om by sy sterwende vader te bly en hom te verdedig tot die dood toe. Die feit dat die manne sy beendere aan die voetenent van dié van sy vader gelê het, bewys dat hul beendere by mekaar gevind is en dat hulle nie die vrymoedigheid gehad het om hulle na hul dood te skei nie. Op geen ander plek is oorblyfsels op hierdie manier begrawe nie.

Hierdeur word die verklaring van Breytenbach bevestig en dié van Kreupel Koos onaanvaarbaar. Twee probleme word hierdeur opgelos. Die vraag ontstaan: Waarom is die beendere wat Kreupel Koos met soveel moeite na die Sooilaer en later na Pietermaritzburg gebring het, nie met die gebruiklike eerbewys weggelê nie? In die *Dagboek* van die leraar van die Voortrekkers, Eerw. Smit, word geen melding gemaak van die beendere van Piet Uys nie. Dit is ondenkbaar dat hulle sou nagelaat het om die laaste eerbewys aan die oorblyfsels van hul gevierde leier te betoon. Volgens die Uys-oorlewering het die beendere 'n geruime tyd in 'n seilsak in die landdroskantoor te Pietermaritzburg gelê. Kreupel Koos verklaar self dat hy dit later in die graf van sy grootvader gaan weglê het.

Die antwoord op hierdie vraag is voor die handliggend. Die manne, soos Izak Breytenbach, wat die beendere van Piet en Dirkie Uys onder die kliprant begrawe het en die landdros, Philip Nel, wat teenwoordig was toe Dirkie saam met sy vader onder die kliprant gesterwe het, kon onmoontlik Kreupel Koos se bewering ernstig opneem, dat dit die beendere van sy vader was wat hy daar by die Rooisloot, Wes van Italaberg, sowat 15 myl van die plek af waar hulle gesneuwel het, gevind het.


Waarom noem die Zoeloes die Rooisloot waar die beendere gevind is, „Johannes se sloot?" Die vanselfsprekende uitleg is dat dit die beendere van 'n sekere Johannes was, wat, volgens Zoeloe-oorlewering, daar vermoor is omdat sy perd flou was en nie oor die sloot kon spring nie. Hy was nie een van die Boere nie want hulle is almal begrawe naby Dingaanstat waar hulle geval het. Dit kon dus net een van die agterryers gewees het wat gevlug het toe die Zoeloekommando hulle probeer omsingel het. Met die oog op die silwerknopies wat by die beendere gevind is, sou dit interessant wees om te weet wat die naam van Piet Uys se agterryer was.

### *Die Geskiedkundige Waarde van die Ontdekking*

Afgesien van die geleentheid wat hom nou voordoen om 'n gedenksteen op daardie afgeleë en moeilik bereikbare plek op te rig, stel die ligging van die ontdekte graftes die geskiedkundige in staat om die loop van die geveg beter te bepaal en verklarings te aanvaar wat tot hiertoe so onversoenbaar met mekaar gelyk het — soveel só dat Theal dit in sy geskiedenis as 'n onbegonne taak beskou het om hulle met mekaar te laat rym.

Die perdekommando onder Uys en Potgieter het die nag tevore naby die Umhlatuzirivier geslaap. Voordat hulle by die rivier gekom het, het

hul verkenners die dag tevore twee Zoeloeregimente in die nabyheid van die Babanangorante gesien. Hulle het voor dagbreek opgesaal, maar weens die hobbelrigheid van die veld en die ruigte van die gras kon hulle maar stadig met die beesvoetpad tussen Italaberg en Dingaanstat vorder. Die beesvoetpad het met verdrag al met die kloof op na die hoëveld, wat aansluit by die Babanangorante geloop (Steenkamp). Hierdie voetpad word vandag nog deur die Zoeloes gebruik. In hierdie nou kloof tussen hoë berge moes die Boere in enkel gelid met hul handperde ry (Boshof). As 'n mens dan tussen twee koppe op die hoëveld uitkom, lê daar 'n groot, indrukwekkende kom voor jou (Boshof) waarvandaan die water dan begin oos loop (Hatting). Daarvandaan het die Boere die spore van die Zoeloekommando's al met die hoëveld langs gevorder (W. G. Nel) vir sowat vyf myl in die oostelike rigting na Dingaanstat (Oosthuizen), tot waar die beesvoetpad oor Katazakop afsak na 'n kleinere kom 1,800 voet laer af. Aan die noord-oostelike kant word dit ingesluit deur 'n halfsirkelvormige heuwelreeks sowat 1,000 voet hoog (Owen). Die Mkubanerivier het sy oorsprong in hierdie kom en loop deur 'n nou poort, deur bogenoemde heuwels na Dingaanstat sowat drie myl laer af (Owen). Net bokant die poort, regs van die klipbank in die spruit, daal die beesvoetpad in die spruitbedding af en gaan al met die bedding deur die poort, aangesien die syslote wat hier in die spruit loop, onbegaanbaar is. Volgens Hatting se skets het die Boere oor die kop met 'n bergneus afgegaan na die spruit, waar hulle hul pakperde aanmekaar vasgebind en onder die beskerming van Cobus Uys met 40 man gelaat het (Owen, Hatting), meer as 1,000 tree bokant die poort (Coetser, Oosthuizen). Na raadpleging met kmdt. Potgieter, het kmdt. Uys met sy mense deur die bossloot duskant die regterkantse heuwel gegaan met die enigste voetpad wat daar was en die Witskilde op 'n gelyktetjie bo teen die heuwel aangeval, waar die vyand hulle op 'n rotsagtige plek ingewag het (Fouche, Owen). Na drie sarsies het hulle op die vlug geslaan en die berg afgestroom (Oosthuizen) en hul toevlug geneem na 'n mielietuin langs die spruit (Jacobsz). 'n Klompie Boere het 'n groot aantal van die vyand tot in die spruit agtervolg waar die Zoeloes hulle probeer omsingel het. Bowendien het Labuschagne se perd flou geword (Fouché, Oosthuizen) en met hom geval (Boshof, Harris). Toe Uys die gevaar sien waarin hierdie mense hulle bevind, het hy vrywilligers gevra om hulle te gaan help (Oosthuizen). Hy het die vyand die spruit af gedryf (Boshof), maar toe hy omdraai om die vuursteen van sy geweer skerp te maak, het hy onverwags 'n assegaaisteek van agter in sy linkerheup gekry (Boshof, Hatting, Fouché). Hy ruk die assegaai uit en help nog vir Jan Meyer, deur hom op sy perd te neem, aangesien dié se perd swaar gewond was deur 'n assegaai (Oosthuizen, Boshof, Burger). Hulle jaag nou al met die spruitbedding op, terwyl die Zoeloes wat hulle in die bosse weerskante van die spruit versteek het, van alle kante op hulle toesak (Fouché). Pieter Nel se perd het geval en hy is daar doodgesteek (W. G. Nel, Ph. Nel). Dit is waarskynlik sy graf wat hier tussen die mielietuin en die spruit lê. Die sowat 20 man jaag hulle toe vas teen 'n rotsmuur in




*Skets nageteken van 'n lugfoto verskaf deur Driehoeksmetingkantoor.*

*A.* *Katazakop vanwaar die Boere die twee Zoeloekommando's in sig gekry het wat stelling ingeneem het op die halfsirkelvormige heuwels regs (D) en links (G) van die poort en vanwaar hulle Dingaanstat op 'n afstand van sowat vier myl kon sien.*

*B.* *Die oop grasplek langs die spruit waar hulle hul handperde, onder toesig van Cobus Uys en 40 man, agtergelaat het.*

*C.* *Die enigste voetpad deur die bosspruit, waardeur Uys se kommando moes gaan om die Witskilde op 'n plaat (D) teen die heuwel te gaan aanval.*

*E.* *Die mielietuin langs die spruit waar die Zoeloes, wat spruit toe padgegee het, gaan skuiling soek het. Hier het Uys met 20 man die spruit ingegaan om 'n paar man wat in gevaar verkeer het, te gaan help. Die vyand het hulle van alle kante aangeval en Uys swaar gewond.*

*F.* *Die rotsmuur oor die spruit het hul pad spruitop versper en die klompie word hier heeltemal omsingel. Hulle skiet 'n pad oop die wal uit, maar vyf man bly in die slag. Hul graftes lê hier langs die rotswal deur die spruit byna bo-op die wal, en is vyf jaar gelede ontdek.*

*G.* *Die Zoeloekommando wat deur Potgieter aangeval moes word, het na 'n halfhartige aanval deur sowat sestien man, op Potgieter se kommando by die klipspruit afgestorm (O). Die derde Zoeloekommando, wat versteek was in 'n kloof agter hulle (N), het nou hul terugtog afgesny. Potgieter het haastig na die pakperde (B) gejaag, die spruit deurgetrek en die kliprant uitgegaan.*

*H.* *Nadat Uys, met sowat 'n dosyn man by hom, die klipspruit (O) oorgegaan het, is hy links van die koppie (H) verby en het skuins teen die kliprant uitgetrek na die bo-ent van die klofie (I), waar hy die laaste maal van sy perd geval het en die ander beveel het om hom te verlaat. Dirkie het geweier om sy vader alleen te laat en is al vegtende, saam met sy vader gedood. Hul graftes is onlangs hier op 'n rotslys bymekaar ontdek.*

*J.* *Die Kommando van Uys onder onderkmdt. J. Potgieter, gewaar dat hulle terugtog deur 'n derde Zoeloekommando (N) afgesny is, dat hul handperde reeds in besit van die vyand (B) is en dat kmdt. Potgieter die slagveld verlaat. Haastig trek hulle terug oor die bossloot (C) en die spruit en pyl die kliprant uit na 'n nek (J).*

*K.* *Die Zoeloekommando wat Potgieter tot bo-op die kliprant agtervolg het, het op 'n vlakte stelling ingeneem (K). Uys se kommando onder J. Potgieter, was nou heeltemal ingesluit. Hulle moes letterlik 'n pad deur die vyand oopskiet en uitjaag.*

*L.* *Vaalkop, waar die Wenkommando agt maande later laer opgeslaan het, net voordat hulle afgetrek het na Dingaanstat. Van hier het 'n klompie manne uitgegaan en die oorblyfsels van Piet Uys en die manne wat saam met hom daar geval het, gaan opsoek en begrawe.*

die spruit waar 'n klipbank deur die spruit loop (Harris) en waar hulle heeltemal omsingel word (Owen, Harris). Hulle slaag daarin om 'n pad oop te skiet en met die voormelde beesvoetpad langs die rotslaag uit te kom, maar hier het vyf man in die slag gebly, t.w. Gert en Louis Nel, Johannes, Jacobus en David Malan. Hul grafte lê hier hoog teen die wal langs die klipbank. Piet en Dirkie Uys het saam met die ander uitgekom (Boshof). Al vegtende is hulle deur die klipperige spruit 'n bietjie hoër op en links van die koppie waar die kliprant begin, verby (W. G. Nel). Hulle kon maar stadig vorder (Hatting) aangesien Uys, weens bloedverlies, 'n paar maal flou geword en van sy perd geval het (Owen, W. G. Nel, Steenkamp), en hulle nog gedurig in 'n harde stryd gewikkel was (Steenkamp, Coetser).

Kmdt. Potgieter het eers versigtig die omgewing ondersoek, toe die spruit en die lopie voor die heuwel deurgegaan en die linkerkantse heuwel begin uitklim. Halfpad het hy egter omgedraai, teruggekom en voor die spruit stilgehou (Boshof). Sestien man het uit hul eie die vyand teen die heuwel gaan aanval. Nadat hulle 'n sarsie geskiet het, moes hulle haastig die berg af vlug voor die aanstormende vyand wat met oorverdowende geskreeu en geslaan op die skildvelle hulle agtervolg het (Harris, Oosthuizen, Boshof). Joseph Kruger is deur sy verbouereerde perd afgegooi en deur die vyand doodgesteek (Boshof, Steenkamp, Oosthuizen). Dit is waarskynlik sy graf wat net oorkant die spruit lê. Intussen het 'n derde Zoeloekommando wat versteek was in een van die klowe agter hulle, verskyn (Owen, Steenkamp, Harris) en hulle probeer omsingel (Steenkamp). Potgieter en sy mense het haastig langs die spruit opgejaag na hul pakperde wat reeds gevlug het (Oosthuizen), of gebuit was (Hatting, Boshof). Gert Rudolph wat saam met Uys omsingel was, het eerste ontsnap en kom hulp vra by Potgieter (Burger), wat self in gevaar was om omsingel te word. Potgieter is op 'n modderige plek die spruit oor en die kliprant oorkant uit (Steenkamp). Uys was van sy kommando geskei deur die bosloop (Burger), en het stadig agter kmdt. Potgieter aangetrek.

Toe onderkmdt. J. Potgieter sien dat die derde Zoeloekommando sy terugtog afsny en dat kmdt. Potgieter die slagveld verlaat, het hy sy mense beveel om so gou moontlik terug te val. Met moeite het hulle een-een oor die bosloop getrek oor die enigste nou voetpad, onderwyl hulle die vyand gedurig terugskiet om hul maats 'n kans te gee om ook oor te kom. Daarna het hulle oor die klipperige spruit, 200 tree daarvandaan, getrek (Coetser). Van hier sien hulle Uys met 'n twaalftal manne links onder die kliprant in 'n hewige stryd gewikkel, maar kon nie gaan help nie (Coetser). Hulle peil toe na 'n nek links van die voormelde koppie vanwaar die voorstes hul maats help deur die vyand terug te skiet (Fouché).

Intussen het Uys weens bloedverlies so swak geword dat hulle klompie betreklik stadig skuins teen die kliprant uitgetrek het na die bopunt van die klofie, om daar deur te kom. Hulle het kmdt. Potgieter gevolg wat reeds oor die rant verdwyn het. Daar het Uys vir die vierde maal van sy perd geval (Steenkamp). Hy sê toe vir Jan Meyer, wie se klere rooi gevlek was met sy bloed: „Jan, dit is klaar met my. Laat my lê! Vlug! Red

jou lewe!" (Steenkamp). Toe Dirkie, wat saam met Hans Breytenbach en Gert de Jager voor hulle gery het, sy vader se uitroep hoor (Burger), kyk hy om en sien dat Meyer sy vader verlaat en die vyand op hom toesak. Terwyl hy talm, kom Meyer by hom verby en roep hom toe: „Kom Dirk, laat ons vlug!". Hy sien egter dat sy vader nog sy kop oplig (Boshof) en roep uit: „Ek sal met my vader sterwe!". Met hierdie woorde ruk hy sy perd om, bestorm die vyand en skiet nog 'n paar dood voordat hy op assegaaie gedra, van sy perd val en langs sy vader doodgesteek word (Fouché, Hatting, Burger, Steenkamp, Ph. Nel). Hy was al uit die gevaar uit toe hy omdraai en terugry na sy vader (Fouché, Ph. Nel).

Op die vlakte bo-op die kliprant, het die Zoeloekommando wat kmdt. Potgieter agtervolg het, op 'n nou plek agter hul skildvelle stelling ingeneem en Uys se kommando ingewag, sodat die Boere, deur hul skote op een plek te konsentreer, 'n pad deur hulle moes oopskiet en oor hul dooie liggame moes uitjaag (Fouché, Owen).

Die vyand het kmdt. Potgieter byna teen die Umhlatuzirivier vasgekeer (Steenkamp), voordat hy die Italaberg uitgetrek het. Teen die oostelike hange van hierdie berg het die vyand Uys se kommando ingehaal en die geveg het voortgeduur tot aan die westekant van die berg (Lugg). Hier het die Boere hul beproefde oorlogstaktiek van terugval en skiet toegepas en die vyand 'n gevoelige slag toegedien (Owen). Daarom noem die Zoeloes hierdie botsing met die Boere, die Slag van Italeni. Die sowat elf spioene wat die Boere gevolg het om te kyk waar hulle die nag sou oorbly, is in 'n kafferkoringland voorgelê en agt van hulle doodgeskiet (Owen, W. C. Nel, Steenkamp, Burger, Fouché).

Dr. H. C. de Wet

*Herinneringe van Philip Nel*

Tant Annie Martens, geb. Nel in 1878, dogter van Theunis Nel van Greytown, Natal, en kleindogter van Philip Nel, die eerste landdros van Pietermaritzburg, wat deelgeneem het aan die twee krygstogte teen Dingaan, het, as blyk van haar agting en liefde vir haar grootvader, uit eie sak 'n grafsteen op sy graf op die ou familieplaas, „Vastrap", Greytown, laat opsit, hoewel sy self behoeftig was. Sy het die volgende aan skrywer hiervan vertel: „Ek was sowat agt jaar oud toe Oupa gesterf het. Terwyl ek saans sy voete gewas het, het hy my die volgende vertel: Die Zoeloes het groot skildvelle gehad, waaragter hulle hulself versteek het en wat die Boere aangesien het vir beeste.

„Toe Piet Uys geval het, was Hans Dons en Oupa bymekaar. Deur die geslaan op die skildvelle en die geskreeu van die kaffers, was sy perd

so verbouereerd dat hy die wal nie wou uitklim nie. Oupa het Hans Dons gevra om hom nie te verlaat nie. Hy het afgeklim en Hans Dons het die perd geslaan, en so het hy uitgekom.

„Toe Dirkie sien dat die kaffers op sy vader toesak, het hy teruggery tussen hulle in om sy vader te help. Hulle het hom eintlik gedra op hul assegaaie. Hy was al (‚die berg uit' — volgens wat Oom Hansie Nel, haar jonger broer, onthou) uit gevaar, toe hy teruggery het.

„Piet Nel se perd het hande uitgeruk en agter die ander aangehardloop. 'n Kaffer het Piet ingehardloop en, toe hy omkyk, hom aan sy groot bos swart hare gegryp en hom met die assegaai onder die arm ingesteek. Daar het sewe man geval. Louis se perd het ook hande uitgeruk. Dieselfde het met 'n ander Louis Nel se perd gebeur en het hy gevolglik aan die stiebeuel van 'n maat vasgehou. Sy maat se geweer was leeg, en die kaffer wat agter hom gehardloop het, het dit geweet. Uiteindelik het hy die geweer gelaai gekry en die kaffer, wat die man eers wou vang en dan steek, geskiet. Toe het hy sy vriend agter hom op sy perd gelaai.

„Piet Nel se tweede vrou het sy agt kinders net so laat staan, toe sy hoor dat hy dood is.

„Louis Nel se vrou het net een kindjie gehad."

Opgeteken deur dr. H. C. de Wet, leraar van die N.G. Kerk Greytown, Greytown, 29 Des. 1958.


Verwysings na:
Boshof, J. N.: Brief in: Preller, G. S.: *Voortrekkermense*, VI, bl. 22.
Breytenbach, I. J.: Herinneringe, *VTM.*, III, bl. 101.
Burger, S. W.: Herinneringe, *VTM.*, IV, bl. 97.
Cachet, F. Lion: *De Worstelstrijd der Transvalers*, bl. 186.
Cloete, A.: *The Great Boer Trek*, bl. 105.
Coetser, P. J. C.: Herinneringe, *VTM.*, IV, bl. 41.
Fouché, P. M.: Herinneringe, *Historia,* V, nr. 2, bl. 117.
Harris, W. C.: *Wild Sports of South Africa*, bl. 311.
Hatting, J. H.: Hollandsche-Afrikaansche Boeren, *VTM.*, I, bl. 165.
Jacobsz, C.: Brief in: *Historia*, IV, nr. 2, bl. 176.
Lugg, H.: *Historic Natal and Zululand*, bl. 122.
Oosthuizen, M. J.: Brief in: *VTM.*, III, bl. 129.
Owen, F.: *Owen's Diary*, bl. 134.
Nel, Ph.: Herinneringe, *Historia*, IV, nr. 2, bl. 85.
Nel, W. G.: Herinneringe, *VTM.*, IV, bl. 5.
Steenkamp, J. H.: Verklaring, Argief, Pietermaritzburg.